# DIE KOMMUNISTIESE MOONDHEDE EN AFRIKA*

I. *Inleiding:*

Hoewel in die opskrif die omvattende term *Kommunistiese moondhede* gebruik word, sal die aandag verderaan hoofsaaklik gegee word aan die intensies en optrede van Rusland en China as die twee leidende Kommunistiese state. Die orige state van die Sowjetblok is in werklikheid nie veel meer as werktuie en mede-arbeiders van die twee groot beleidmakers nie.

In werklikheid maak die belangstelling van genoemde twee state met hulle satelliete deel uit van die grotere Oosterse of Asiatiese begeerte na bondgenootskap met, aandeel in en beheer oor Afrika. In sodanige perspektief gesien word die onderwerp egter te breed vir behandeling, hoewel dit noodsaaklik is om hierdie aspek nie uit die oog te verloor by die toespitsing van die aandag op die meer beperkte tema van behandeling nie. Daar is ook 'n tweede rede vir 'n onderskeiding tussen 'n algemene studie van Afrika-belangstelling vanuit die Asiatiese state en 'n meer besondere ontleding van die Kommunistiese optrede in hierdie verband. Ons kan dit as 'n bloot geografiese omstandigheid beskou dat die twee leidende Kommunistiese state in mindere (Rusland) en meerdere mate (China) tot die Asiatiese wêreld behoort nieteenstaande die Russiese satelliete hoofsaaklik tot Europa (maar dan ook weer feitlik geheel en al tot *Oos*-Europa) behoort. Die onderskeidende feit is juis die aanvaarde ideologie van Rusland en China, t.w. die Kommunisme.

Die Kommunistiese lewensleer en -praktyk is 'n gemeenskaplike faktor in die optrede van hierdie twee state wat hulle in politieke strategie en doelstellinge verbind en in sekere mate onderskei van die ander Asiatiese magte met hulle eie nasionaal gemotiveerde gerigtheid op die Afrikaanse kontinent. Tog moet die fout ook nie gemaak word om die gemeenskaplikheid as algeheel nasionaal en politiek nivellerend te beskou nie. Nasionalisme is in elk geval besig om die Kommunisme, in weerwil van laasgenoemde se belydenis van universeel, rasloos, volkloos en klasloos te wees, te kleur en dit van 'n onnasionale, eintlik a- en selfs anti-nasionale ideologie

* Lesing gehou voor die Afrika-Seminaar te Potchefstroom.

om te skep tot *nasionale* stelsels, sodat daar sonder vrees vir oordrywing van 'n Russiese nasionale Kommunisme onderskeie van — en selfs versus — 'n Chinese Kommunisme gepraat kan word.

Voordat enigsins verder oor die onderwerp gehandel word, is dit nodig om 'n formele opmerking te maak. Elke student van hierdie probleem kom voor dieselfde karigheid van feite en gegewens te staan. Werklike feite oor Kommunistiese indringing en optrede in Afrika is uit die aard van die hele Bolsjewistiese opset van ondermyning van bestaande gesag, uiters skaars terwyl groot dele daarvan verder nog ontoeganklik bewaar word in die lêers van die veiligheidspolisie van die onderskeie state. Soos soveel ander sal ek dan ook maar te werk gaan deur op grond van die yl verspreide gegewens 'n patroon te probeer opstel. Geredelik word toegegee dat sodanige patroon tot 'n groot mate spekulatief, hipoteties en subjektief sal wees. Maar as sodanig mag dit dien as 'n beginpunt vanwaar die ontbrekende dele van die legkaart voltooi en die feitebrokkies wat nog geen plek het nie, ingepas kan word.

Rusland sowel as China het reeds uit die voor-Kommunistiese era enkele kontakte met Afrika gehad. Aan die Ooskus van die vasteland is aanduidings gevind van 'n vroeëre Chinese handel met die inboorlinge. Rusland het in die vorige eeu, nie-amptelik, onder invloed van die Pan-Slawisme en met behulp van die Russies-Ortodokse kerk in Jerusalem, via Abessinië 'n vastrapplek in Afrika probeer vind. Nie een van hierdie aanrakings het veel invloed op die slapende Afrika gehad nie. Tekens van werklike bewuste pogings tot beïnvloeding word veral eers duidelik om en na die Tweede Wêreldoorlog.

Hierdie omstandigheid is maklik verklaarbaar as in gedagte gehou word dat die Marxistiese revolusie in Rusland eers in 1917 die ou Tsaristiese regime omver gooi en met sy eie opbouwerk begin. Tot diep in die dertiger jare moes die Kommuniste veel tyd en energie aanwend ten gunste van die binnelandse opbou, hoewel dit nie beteken het dat die rewolusionêres nie in 'n heg gekoördineerde aksie van Kommunistiese partye en van Marxisties beïnvloede en beheerde vakunies dwarsdeur die wêreld energiek getrag het om die leerstellinge van die vader van die Kommunisme, Marx, en van sy apostels soos Trotsky, Lenin en Stalin te realiseer nie. Frankryk, Italië, Engeland, verskeie Suid-Amerikaanse state en selfs die Unie van Suid-Afrika het hierdie woelinge aan eie lyf ervaar. Maar elders in Afrika was dit weinig merkbaar. Waarskynlik omdat Afrika eers deur en na die Tweede Wêreldoorlog werklik in die wêreldpolitiek 'n sentrale plek verkry het asook omdat vanweë sy ekonomiese en politieke agterlikheid — met hoë uitsondering van gebiede soos die suidpunt — sowel die arbeidsorganisasies as die

politieke partye wat elders sulke handige werktuie in die hande van die Kommuniste was, grootliks nog ontbreek het. Aangesien China eers in 1949 'n Kommunisties beheerde staat geword het, beklee Rusland nog die hoofrol in die drama.

II. *Tekens van Russies-Chinese optrede:*

In 'n poging om die Kommunistiese optrede in Afrika reg te waardeer, is dit miskien nodig om eers aandag te gee aan daardie algemene feite wat tot ons beskikking is. Ek is nie in staat om die juiste omvang en suiwere getalle weer te gee nie, en gaan eerder die klem laat val op tendense waarop 'n algemene konklusie gebaseer kan word. Die hand van Rusland en China kan veral op die volgende terreine bespeur word: die ekonomiese, die kulturele, propaganda, en die diplomatieke.

Op die *ekonomiese terrein* is albei die lande reeds besonder bedrywig, hoewel hulle verskil in beklemtoning van die belangrikheid daarvan. Waar die grootste deel van die ontwakende Afrika tot die onderontwikkelde wêreld behoort, is dit begryplik dat ekonomiese hulpverlening in die vorm van kapitaal- en kredietvoorsiening, tegnici, masjinerie e.d.m. besonder gewild is. So het Kroestsjef op 'n dinee ter ere van premier Abboud van Soedan verklaar dat Rusland dit as sy plig beskou om jong state te help in hulle stryd teen imperialisme en kolonialisme en in hulle pogings tot ekonomiese opbou.

Onderstaande is slegs enkele willekeurige gegewens ontleen aan die dagbladpers en tydskrifartikels oor hierdie vorm van optrede in Afrika gedurende die afgelope jare. Teen die einde van Mei 1961 is aangekondig dat die Nigeriese Minister van Finansies aan die hoof staan van 'n handelsending na lande agter die ystergordyn, en voor die helfte van Junie is berig dat Rusland ingewillig het om Nigerië op ekonomiese en tegniese gebied te help, veral ten opsigte van plaasorganisasie, voedselfabrieke, opleiding van landboudeskundiges. Nigerië sal katoen, leer, rubber en groenteolies na Rusland uitvoer in ruil vir trekkers, landboumasjinerie, motors, boumateriaal en verbruikersgoedere. In September 1960 is 'n groot Tsjeggiese sending na die Kongo om ekonomiese probleme daar te bestudeer, terwyl volgens Westerse inligtingsbronne Kommunistiese hulp vinnig aan die toeneem was, waaronder 'n groot aantal vliegtuie en minstens 100 vragmotors. 'n Ander ooreenkomstige berig (29 Mei 1961) lui dat Pole meer as 20 fabrieke in Ghana gaan oprig ten koste van meer as R10 miljoen, w.o. een vir die bou van vissersbote, een vir gereedskapvervaardiging en 'n suikerfabriek. Van te vore is reeds berig (Mei 1960) dat die Russe poog om die hidro-elektriese Volta-projek van 173 milj. dollar van die V.S.A.

se Kaiser-organisasie oor te neem. Presies 'n jaar later word meegedeel dat ondersoekwerk „eersdaags" gaan begin aan skemas wat deur Rusland in Ghana gefinansier word. Dit sluit in hidro-elektriese onderneminge, visteeltstasies, mielie-, rys- en katoenverbouing, 'n hotel met 200 kamers en die herbeplanning van Accra se sakesentrum en van sy nuwe hawe. (Vgl. *Woord en Daad*, Junie '60).

Enkele gegewens oor kredietverskaffing deur Rusland illustreer die gang van sake. In Julie jl. het Rusland 'n lening van 20 milj. roebel (pl.m. R16 milj.) aan die Soedan toegestaan. Dit is terugbetaalbaar oor 12 jaar teen 2½% rente en sal o.a. gebruik word vir die bou van 2 graansuiers, 4 voedselinmaakfabrieke, die aanleg van 'n landbounavorsingstasie en drie ander opvoedkundige inrigtings. Ethiopië het in Junie 1960 reeds 'n kredietoesegging ter waarde van pl.m. R72 milj. (400 milj. roebel) ontvang vir landbou- en nywerheidsontwikkeling en die stigting van 'n kollege te Addis Abeba wat 'n duisend studente moes akkomodeer. (Die jongste Ethiopiese optrede t.o.v. die R.S.A. en op die konferensie van Neutrale State word in die lig hiervan begrypliker). 'n Mens staan eintlik verbaas oor die grootskaalse Russiese kredietverskaffing binne en buite Afrika. In Junie 1960 was daar o.a. kredietooreenkomste met 13 lande ter waarde van 6000 milj. roebel (pl.m. R1064 milj.). Interessant genoeg was Indië die grootste enkele voordeeltrekker onder hierdie 13 met 2700 milj. roebel vir 'n staalfabriek, fabrieke vir swaar masjinerie, een vir steenkoolverwerking, vir optiese glas, 'n olieraffinadery en vir kragsentrales. Ook Afghanistan (480 milj. roebel) en Indonesië (470 milj. roebel) was begunstigdes. Afgesien van die Soedan en Ethiopië het die V.A.R. sy deel ontvang vir die Aswandam (nie hierby ingereken nie) plus 1100 milj. roebel vir die oprigting van metaalbedrywe, olieraffinaderye, fabrieke vir chemikalië, tekstiel- en landbouprodukte, vir kragstasies, damme en spoorwegontwikkeling. Ook Guinee het beloftes ontvang vir hulp vir die bou van 250 fabrieke en installasies, waarvan 95 nog gedurende 1960 voltooi sou word. Wapens en motors uit Tsjeggo-Slowakye en sement uit Oos-Duitsland speel lankal 'n belangrike rol in hierdie land.

China staan nog ver agter op hierdie gebied, hoewel daar tekens van aktiwiteit te bespeur is. Ek verwys slegs na die Chinese deelname aan die landbouskou in Kairo (April 1961) en na hulpverlening aan Guinee vir 'n rysverbouingsprojek (Junie 1960). Ook Rusland probeer nie net aan die gee-kant te bly nie, maar om voordeel te trek uit die ekonomiese groei van hierdie gewestes. Getuie daarvan is enersyds sy ruil-ooreenkomste en andersyds sy deelname aan die genoemde Kairose landbouskou en sy eie geslaagde handelstentoonstelling in Addis Abeba (Junie 1960) wat meer

as 50,000 besoekers getrek het en wat daarin geslaag het om meer as 75% van die tentoongestelde goedere te verkoop. Gevolg was dat gerugte in omloop gekom het van 'n moontlike Tsjeggiese skou in November 1960.

Dit spreek vanself dat sodanige grootskaalse kredietverskaffing aan tegnies onderontwikkelde lande eintlik vrugteloos is sonder die mensemateriaal wat die aanwending van die gelewerde hulp produktief en doeltreffend moet maak. Aan die begin van 1961 het die Amerikaanse inligtingsdiens bereken dat daar minstens 700 Russiese tegnici in Afrika aanwesig is, waarvan die grootste deel in Ghana en Guinee, terwyl die getalle ook toeneem in Mali en Marokko. Ook in die V.A.R. moet 'n aansienlike aantal hulle bevind, waar hulle behulpsaam is met die bou van fabrieke, kragsentrales en Nyldamme. Sowel wat die verskaffing van tegnici as kapitaal betref, word die indruk geskep dat Rusland alles in sy vermoë probeer om ekonomiese hulp aan die V.A.R. te verleen en sodoende lg. se goedgesindheid te verkry. Dit is ook bekend hoedat Rusland buite die V.V.O.-kanale om groot hoeveelhede militêre, tegniese en vervoerhulp in die Kongo laat invloei het.

Hiermee is eintlik 'n aspek aangeraak wat, streng gesproke, nie meer suiwer op ekonomiese gebied lê nie, t.w. geldelike hulp vir *militêre doeleindes*. Op 13 Mei 1961 het die dagblaaie berig dat Nkrumah gedreig het om die wapens wat hy uit Rusland ontvang te gebruik om Antoine Gizenga se bewind in die Kongo te steun. Twee dae later word meegedeel dat Ghana byna openlik die toegangspoort vir Rooi wapens na Afrika geword het. Selfs die V.V.O.-beamptes in die Kongo was bekommerd oor beweerde vragte wapens na Ghana. Washington beweer terselfdertyd dat 7000 kiste Rooi wapens in Ghana afgelaai is, terwyl die V.V.O.-personeel die vrees koester dat dit vir die Kongo bestem is. Brokkies gegewens wat deur die Westerse inligtingsdiens versamel is (Mei 1961) behels die volgende: 'n ooreenkoms tussen Ghana en Rusland vir die verskaffing van wapens aan e,k,; in die bestek van 6 weke het minstens 7 Russiese vragskepe groot hoeveelhede wapens in Ghana afgelaaï. Dit geskied meestal in die nag met behulp van spesiale arbeiders en onder bewaking van polisie. Daar is selfs beweer dat dit met bote na Angola gesmokkel word. Onbevestigende berigte het gelui dat Russiese vliegtuie wapens vanaf Ghana vervoer en met valskerms neerlaat in die rebellegebiede in Noord-Angola, terwyl voorrade ook na die Kongo gesmokkel word vir Gizenga.

In die lig van die gebeure in die Kongo en Angola sedert Mei vanjaar, wil dit eintlik as waarskynliker voorkom dat hierdie wapens, of die grootste deel daarvan, eerder bestem was vir Angola

as vir die Kongo — nieteenstaande die naïewe bewering van 'n Amerikaanse segsman (volgens 'n dagbladberig) dat die rebellemagte in Angola hom al hulle wapens getoon het en dat dit slegs uit verouderde stukke bestaan! Berigte uit Portugese bronne oor moderne outomatiese wapens in besit van die terroriste skyn aanvaarbaarder te wees. Blykbaar het soortgelyke wapens uit dieselfde fabrieke — dikwels Tsjeggies — 'n paar jaar gelede selfs hulle weg tot in Kenia onder die Mau-Mau gevind.

Die verband tussen wapens van Russies-beheerde lande in onlusgebiede soos Kenia onder die Mau-Mau, in Algerië en in die Kongo, word blykbaar herhaal in die Angola-episode. Van wapenverskaffing tot meer regstreekse militêre hulpverlening is maar 'n enkele stap. Eric Axelson, geskiedenisnavorser aan die Witwatersrandse Universiteit oor die Portugese geskiedenis in Afrika, beweer seker nie sonder grond nie dat die opstand in Angola nie in die eerste plek veroorsaak is deur griewe van die Bantoebevolking nie, maar „van buite" geïnspireer is en dat „terroriste uit die Kongo, gewapen met Tsjeggiese wapens" 'n aandeel daarin het. Die volgende berigte staan in dieselfde verband. In Mei 1961 is twee dokwerkers langs die kus van Angola betrap terwyl hulle besig was om seine na Russiese treilers te stuur. Gereelde besoeke van Russiese visserbote aan Mossamedes om siek bemanningslede af te laai (5 in een maand) het agterdog begin wek. Hoewel vis skaars is langs die kus van Angola, vertoef die Russiese vissersvloot daar al vir meer as 'n jaar (Mei 1961) terwyl baie Bantoes as bemanning van die bote aangeneem word.

Die bande uit die Russies-Chinese oord met Afrika word nie net op die ekonomiese (en militêre) vlak gesmee nie. Ook die *kulturele* word hoog op prys gestel en in die lig daarvan verkry die volgende beriggies besondere betekenis: Rusland bied aan om 'n tegniese kollege in Guinee te bou (18.5.61). 'n Russiese kulturele sentrum in in Accra geopen (25.5.61). Dit is veral die tegniese en universiteitsopleiding wat hier ingespan word. In Moskou is prof. Ivan Potekhin, die Russiese deskundige oor Afrika, spesiaal verantwoordelik daarvoor om besoekers uit Afrika tuis te maak. In 1960 is 500 studente uit Afrika agter die ystergordyn verwag, maar die mikpunt is 4000. In Moskou was toentertyd 300; 100 in Warskou, 80 in Oos-Duitsland. Volgens 'n Nigeriër, Au Apio, rekruteer Rusland studente op groot skaal. In 1961 berig die Amerikaanse Inligtingsdiens dat die Afrika-studente reeds tot 1200 vermeerder het. Uit Ghana word berig (Mei 1961) dat 115 studente uit die land in Rusland studeer met Russiese beurse en 'n verdere 60 in ander Kommunistiese lande.

Die bande word verder op formele wyse aangehaal deur

diplomatieke verteenwoordiging. Moskou konsentreer op uitgebreide diplomatieke, ekonomiese en kulturele bande met Afrika. In presies watter state van Afrika Rusland sodanige verteenwoordigers het, is my nie bekend nie, maar dit sluit waarskynlik 'n groot aantal van die vrygeworde Afrika-state in. So is daar in Junie 1960 berig dat op Liberië selfs druk uitgeoefen word om konsulêre verteenwoordiging van Rusland te ontvang terwyl president Tubman gepaai is met 'n uitnodiging om Rusland te besoek. Opmerklik is dit dat D. Solod in Junie 1960 as gesant na Conakry (Guinee) gestuur is. Solod was Rusland se groot man in die Midde-Ooste as hoof van die afdeling Midde-Ooste in die Russiese buitelandse diens. Hy was eers in Sirië en toe weer in Kairo — tydens die Suezkanaal-episode.

China beweeg in dieselfde koers. Volgens Mennon Williams probeer China ongemerk in Afrika vastrapplek te verkry. Hy soek veral kontak met persone van die toekoms en knoop diplomatieke betrekkinge aan waar moontlik terwyl hy op allerlei wyses Afrika China-bewus probeer maak. Chinese diplomatieke verteenwoordiging is gevestig in Guinee, Ghana, Mali, Marokko, Soedan en Somali.

Verwant aan die voorgaande is die bevordering van goeie betrekkinge deur onderlinge besoeke. In Junie 1960 is reeds berig dat Kroestsjef 'n druk program in Afrika sal hê aangesien hy uitnodigings ontvang het na Guinee (reeds in 1959), Ghana, Liberië en Ethiopië. Later is Mali ook ingesluit — 'n besoek waaroor die pers besonder min te sê gehad het.

Van waarskynlik nog groter betekenis is die besoeke van Afrika-leiers aan die lande agter die ystergordyn. Sommige van hulle het natuurlik reeds vroeër in hulle studente- en/of rebelledae met Rusland kennis gemaak. Maar in hulle verhoogde en amptelike status het dit 'n ander saak geword. Tekenend hiervan is Nkrumah se onlangse reis deur Kommunistiese Europa en in China. Op 15 Junie 1961 is meegedeel dat Nkrumah op 5 Julie na Moskou sou vertrek op amptelike besoek. Einde Julie geniet hy 'n oorweldigende ontvangs in Budapest — 'n ontvangs groter as dié vir Kroestsjef en, wrange ironie, word aan hom die hoogste eretoekenning van Hongarye gegee vir sy „stryd teen onderdrukking deur kolonialiste"! Op 1 Aug. arriveer hy in Praag op 'n driedaagse besoek aan Tsjeggo-Slowakye, waar hy verklaar dat die leiers in Afrika besig is met 'n ingewikkelde stryd, waarin hulle poog om die lewenspeil van hulle volke op te stoot, die kolonialisme uit te roei en eenheid in Afrika te verkry. Op 11 Aug. arriveer hy in Peking om na drie dae weer terug te keer na Europa. Duisende Chinese het sy aankoms bygewoon en na sy verklaring geluister: Kommunistiese China se oor-

winning oor kolonialisme en imperialisme behoort 'n les vir die naturelle van Afrika te wees. Ghana en China is geografies ver verwyderd, maar hulle het baie wat hulle bind.

Ten slotte nog iets oor direkte *propaganda* uit hierdie aard vir die ore en oë van Afrika. Die pers en radio word energiek aangewend. In Kairo is verteenwoordigers van al die belangrikste Russiese blaaie; terwyl die Chinese nuusagentskappe 'n personeel van byna 50 daar aanhou — hoewel hulle blykbaar nooit in gewone nuuskringe gesien word nie. Radio Peking is hoorbaar in talle dele van Afrika. Volgens die Amerikaanse inligtingsdiens brei die Kommunistiese propaganda in Afrika nog steeds uit. Die Russies-Chinese propaganda-aanval is veral op twee sake gemik, t.w. die uitbuiting van frustrasie en bitterheid teen die Weste en 'n aanpassing van die Russiese en Chinese optrede by die aspirasies van die Afrika-volke. Terwyl die Kommunistiese propaganda in die Afrika-koerante toeneem, het die twee lande in April 1961 138 uur per week uitgesaai in Engels, Frans, Portugees, Swahili en Arabies — tien keer meer as in 1959.

Daarby moet in gedagte gehou word die siniese en a-morele gebruik van elke geleentheid om Rusland en/of China in die guns van die Afrika-volke te bring en 'n hou in te kry teen die Weste. Die fyn berekende optrede i.v.m. die Aswandam is seker nog vars genoeg in die geheue. Ander onlangse voorbeelde is die volgende: Rusland gee 'n Lumumba-seël uit; in Moskou word 'n nuwe universiteit geopen met die naam *Vrye Universiteit van Vrede, Patrice Lumumba.* In antwoord op die V.A.R. se Nasionale Vergadering se besluit om geen betrekkinge met die R.S.A. te onderhou nie, verklaar lede van die Opperste Sowjet: die Sowjet-bevolking keur die beleid van Suid-Afrika se rassehaters ten seerste af. Selfs Japan word beskuldig van blote imperialistiese oogmerke in Afrika en op die Tunis-kongres (Nov. 1959) is Rusland se boodskap aan Afrika: die Vryheidsdag kom nader!

Die voorgaande is enkele van die gebeure en doenighede op grond waarvan sir Roy Welensky onlangs verklaar het dat Rusland besig is om die stryd in Afrika te wen nieteenstaande die Weste honderd maal meer geld aan die onderontwikkelde gebiede bestee. Hiervoor voer sir Roy twee redes aan: (i) die V.S.A. en Engeland skep 'n lugleegte wat gevul word deur Rusland en (ii) die Weste vergeet dat mens nie vriendskap kan koop nie.

### III. *Uitgangspunte: Afrika-navorsing:*

Dit sou geregverdig wees om na aanleiding van die gepoogde feite-relaas hierbo die vraag te stel: maar wat is die besondere in die Russiese en Chinese optrede m.b.t. Afrika? Wat is die

gevaarlike? Doen hulle nie maar in beginsel presies wat die ander belanghebbende lande doen nie, veral as in ag geneem word dat nóg Rusland nóg China openlik oor Kommunisme praat met Afrika, en vriendskapsbetrekkinge voorop stel? Om die vraag te beantwoord en die willekeurige en onvolledige feite-grepe in die regte perspektief te sien, moet die grondliggende strategie en strydmetodes van die Kommunisme teenoor Koloniale lande in aanmerking geneem word.

Verklarend vir die wolf-in-die-skaapvel-houding van Rusland en China t.o.v. Afrika, is die besluit van die Derde Internasionale van 1920 m.b.t. Kommunisties-revolusionêre bewegings in China en Indië: „the revolution in the colonies is not going to be a Communist revolution in its first stages..." Eerst moet die leiding in die hande van 'n Kommunistiese voorhoede val, dan sal die massas deur die opeenvolgende stadia van revolusionêre ervaring gelei word. (Ketchum e.a.: What is Communism? N.Y. 1955).

'n Waardevolle bron vir 'n begrip van die Sowjetbeleid m.b.t. Afrika is die Russiese Afrika-studies onder leiding van die reeds genoemde I. I. Potekhin. Die volgende gegewens is ontleen aan Von Stackelberg se artikel in die *Bulletin van die Instituut vir die Studie van die USSR.* (Sept. 1960). Die belangrikheid van Afrika-studies vir die Sowjet-beleid teenoor Afrika is vir die eerste keer benadruk op die 1958-sitting van die Buro van die Departement Historiese Studies van die Wetenskaplike Akademie van die USSR. Maisky het daarop gewys dat die verval van die koloniale stelsel in Afrika en Asië teen so 'n snelle tempo geskied dat die Sowjet se Oosterse studies alle pogings moet aanwend om nie agter te raak nie. Sedert hierdie byeenkoms het die Russiese Afrika-studies 'n al sterker wapen in sy politiek geword. 'n Spesiale afdeling vir Afrika-ondersoeke is nou gestig. Gafurov, direkteur van die Oriëntologiese Instituut, beklemtoon die vergrote belangrikheid van Afrika in die wêreld-politiek en -ekonomie. Die doel van die nuwe afdeling sou wees om werke, monografië, brosjures, artikels e.s.m. te publiseer wat kan bydra tot 'n skeppende ontleding van die probleme van die Sowjet se buitelandse beleid — hieronder sou Afrika-sake op dié tydstip 'n besonder belangrike plek inneem. Selfs die linguiste moes hulle taalkundige studies gebruik as 'n wapen vir die Sowjet-beleid in Afrika en Asië.

Vanaf 1957 tot 1959 was die belangrikste sentra van die Sowjet se Afrika-navorsing die Etnografiese Instituut en die Afdeling Afrikalande van die Oriëntologiese Instituut. Teen die einde van 1960 is die afdeling omgeskep tot 'n selfstandige instituut. Ter wille van samesnoering van die Afrika-navorsing met politieke take, het die Wetenskaplike Akademie 'n navorsingsplan vir 1957—'60 opgestel wat in besonderhede bespreek is op 'n koördinerende kon-

ferensie van Sowjet-navorsers op 26 Februarie 1957. Desondanks is die gebeure van die afgelope drie jaar nie voorsien nie en moes die Sowjetplanne voortdurend gewysig en vervang word.

Die uitgangspunt van die Sowjet-stelling oor Afrika is dat die ou grense deur die Koloniale magte getrek is en dat die nuwe state wat op hierdie grondslag tot stand gekom het in stryd is met die beginsel van afbakening op etniese gronde. In 'n artikel oor *Die Taak van die Studie van die Etniese Samestelling van Afrika in verband met die ontbinding van die Koloniale Stelsel* argumenteer Potekhin dat die grense kunsmatig deur die imperialistiese magte vasgestel is tot verdeling van volke, stamme en selfs statte, 'n feit wat nog altyd verhinder het dat die volke in die Afrika-kolonies hulle magte kon verenig in die stryd teen die imperialistiese onderdrukkers. Volgens Potekhin is die verwerping van die koloniale sisteem en die ontstaan van onafhanklike bourgeoisstate onvoldoende vir die ontstaan van normale nasionale ontwikkeling. Toekomstige nasionale territoriale verdeling is onontbeerlik. Hierdie stelling word interessant genoeg ook gevind in die besluit van die Accra-konferensie (5—13 Des. 1958).

Hierdie beskouing is van groot praktiese belangrikheid vir die Sowjet. Die wanverhouding tussen die staats- en etniese grense stel die USSR in staat om die slagspreuk van vereniging op etniese basis te gebruik ten einde in te meng in die huishoudelike sake van die Afrika-state. Teenswoordig is dit die hoofplank in die Sowjet-platform om die vroeëre koloniale state aan te moedig om tot groter eenhede saam te sluit. Die Sowjets reken dat met groter state en 'n sentrale gesag, pro-Kommunistiese elemente makliker die mag kan verkry. Aan die ander kant werk kleiner state beperkend in op die aktiwiteite van pro-Sowjet partye en vakunie-organisasies. Waar die Russe elders 'n beleid van verdeel-en-heers toegepas het, is die leuse in hierdie geval: verenig en heers. Hierdie beleid is o.a. duidelik in werking gestel in die geval van die Kameroene en die Kongo. In die tydskrif *Sovetskaya Etnografiya* het 'n reeks artikels hieroor verskyn. Hoewel Potekhin in sy finale artikel erken dat die Franse en Britse Kameroene deur verskeie stamme bewoon word en daar in die verlede nog nooit een Kameroenstaat bestaan het nie, bepleit hy tog die vereniging van die twee dele. Sy argumente klink nie baie oortuigend nie. Daar is geen etniese of historiese gronde vir vereniging nie, maar, sê hy, daar is ook geen etniese of historiese gronde om die grense te handhaaf wat getrek is deur die verdeling van die gebied tussen Engeland en Frankryk na oorname daarvan van Duitsland nie. By die Dertiende Sessie van die V.V. in Februarie en Maart 1959 het die Sowjet en ander Kommuniste vir die vereniging gestem —

blykbaar ter ondersteuning van die Unie van Kameroen Nasionaliteite, maar toe die mag oorgaan in die hande van die Akidjo-regering, weier die kommunistestate om die Kameroenregering te erken en gee hulle steun aan terroriste-organisasies.

Dieselfde begeerte om 'n gesentraliseerde regering daar te stel, is geopenbaar in die Sowjethouding teenoor die Kongo, die voorgenome afskeiding van Katanga en die vorming van 'n federale Kongostaat. Die *Groot Sowjet Ensiklopedie* erken dat voor die 15e eeu die huidige Katanga-provinsie die onafhanklike Balubastaat was, die Kongostaat noord en suid van die laer Kongorivier geleë was en die Kasangostaat tussen die Lualuba en die Luapula. Die onafhanklike ontwikkeling van nasionalitiete en state sou, volgens hierdie bron, ontwrig wees deur die koms van Europese koloniseerders in die 15e eeu. Desnieteenstaande opponeer die Sowjetpers die afskeiding van Katanga en die skepping van 'n federale Kongostaat — presies wat die Europese koloniseerders sou gedoen het!

Die Sowjetnavorsers gee baie aandag aan die werkers en die vakuniebeweging in Afrika. Die pers erken dat die werkers in Afrika nog nie die politieke leiers van die massas in hulle stryd teen kolonialisme geword het nie. Een van die redes sou die afwesigheid wees van onafhanklike werkerspartye in die meeste Afrikastate. Onder sulke omstandighede moet die leiersfunksie uitgeoefen word deur vakbonde onder leiers met die nodige teoretiese opleiding. (Dit is nie moeilik om te raai watter *teoretiese opleiding* hier bedoel word nie). Hierin lê dan ook die verklaring van die Sowjets se belangstelling in die vakbondbeweging in Afrika en hulle kritiek op die Engelse invloed daarop. Die pro-Kommunistiese wêreldfederasie van vakunies en veral die Franse Algemene Werkersfederasie word derhalwe vir Afrika as ideaal voorgehou.

Die Sowjetbelangstelling in die vakbondwese in Afrika word gedra deur die leuse dat die werkers die leidende mag is in die stryd teen kolonialisme en dat die lande suid van die Sahara die moontlikheid het om 'n nonkapitalistiese pad van ontwikkeling te volg. Terwyl Rusland 'n tydelike beleid van vreedsame ko-eksistensie met die nasionale bourgeoisie in die lande noord van die Sahara volg, word hierdie groep elders oor die hoof gesien. Lg. is te swak en te ongeorganiseerd. Die teorie van 'n nonkapitalistiese weg is reeds deur Lenin geformuleer op die Tweede Komintern Kongres. Hy ontken dat die kapitalistiese fase van ekonomiese ontwikkeling onvermydelik is vir agterlike volke en beweer dat met die nodige propaganda en ander hulp hierdie fase vermy kan word. Hierdie opvatting is deur Kroestsjef onderskryf op die 21e party-kongres.

Volgens Lenin moet die proletariaat van die gevorderde lande

hulle plig in sodanige geval nakom. Op die konferensie van verteenwoordigers van Kommunistiese en werkerspartye (Moskou, Nov. 1957) is die volgende planne vir die nonkapitalistiese ontwikkeling van agterlike lande daargestel: (i) leierskap van die werkende massas deur die werkersklas met die Marxistiese-Leninistiese party as kern; (ii) deurvoering van die proletariese revolusie in een of ander vorm; (iii) die daarstelling van 'n proletariese diktatorskap in een of ander vorm; (iv) vernietiging van kapitalistiese besit en (v) die geleidelike sosialistiese transformasie van die landbou. Aan hierdie vereistes van Kommunistiesgesinde vakbonde en linksgesinde partye voldoen o.a. Sekou Toure se Demokratiese Party in Guinee en die genoemde Unie van Kameroennasionaliteite. Potekhin verklaar dat die daarstelling van 'n proletariese revolusie, hetsy deur verkiesing, mag of terreur nie alleen geregverdig word deur mag met mag te beantwoord nie, maar deur die erkenning van die reg van die Afrika-volke op die inisiatief om geweld te gebruik. Hierdie uitspraak verklaar die standpunt van die Sowjetregering en -pers m.b.t. die gebeure in die Kongo en hulle pogings om die gewelddadighede van die Kongolese teenoor blankes te regverdig. Ook China erken hierdie nonkapitalistiese weg. Terwyl die Sowjetpropaganda gebaseer is op ervaring met nasionale groepe in die USSR, hou die Chinese die beeld voor van die oorgang van groepe in die Chinese Volksrepubliek vanaf 'n feudale slawehoudende en selfs primitiewe gemeenskap regstreeks tot 'n sosialistiese samelewing met verbygang van die tussenstadia van sosiaal-ekonomiese ontwikkeling.

Ten einde hierdie weg te volg, is dit die taak van Kommunistiese partye om te konsentreer op die vernietiging van alle patriargale en feudale verhoudings. Volgens die Russiese navorsers oorweeg patriargaal-feudale verhoudinge in Afrika saam met die kenmerkende oorblyfsels van stamorganisasie. Hierdie feudale en semi-feudale klasse in Afrika word saam met die stamhoofde beskou as die belangrikste hinderpale in die nonkapitalistiese ontwikkelingsweg. Die „feudale adel" en veral die stamhoofde werk nie saam in die nasionale bevrydingsbeweging nie. Hierdie semi-feudale stamhoofde beskerm die gemeenskaplike grondbesit. Potekhin beskuldig hulle van teenstand teen regstreekse demokratiese verkiesings. Sowjet-navorsers heg groot waarde aan die studie van tradisionele instellinge en die eienskappe van feudaal-patriargale verhoudinge in Afrika in hulle evaluering van die probleme wat geskep word op die weg van die regstreekse ontwikkelingsweg.

Hoewel die Russiese ondersoekers erken dat Wes-Europese en V.S.A.-navorsers veel gelewer het m.b.t. tradisionele instellinge in Afrika, kom hulle terselfdertyd met die beskuldiging dat hulle

werk ondergeskik gestel word aan die reaksionêre taak om die instellinge te behou. Volgens *Sovetskaya Etnografiya* word die Sowjetnavorsers alleen gelei deur die groot gedagte van die stryd ter uitwissing van kolonialisme en dat hulle alleen in staat is om die juiste waardering te gee van die plek en rol van tradisionele instellinge in die lewe van Afrika-volke. Ook in hierdie verband is dit veelseggend dat die Accra-konferensie (Des. 1958) die behoud van tradisionele ekonomiese en politieke instellinge veroordeel het. Sowjetstudente word aangemoedig om hulp te verleen aan progressiewe magte deur die probleem van tradisionele instellinge en hulle plek en rol in die huidige lewe van die Afrika-volke te ontleed.

'n Ander probleem waaraan die Russiese navorsers aandag verleen is dié van *religie.* Hulle beweer dat die Christelike godsdiens op die Afrika-volke afgedwing is deur Europese koloniseerders, dat dit die saad van verdeeldheid saai aangesien verskillende Christelike sendinginstansies met mekaar wedywer en dat elkeen die jeug in sy eie leerstellinge opvoed. Daarby word die sending beskuldig van deelname in die politieke lewe met hulpverlening aan die regsgesinde partye en die bevordering van nuwe partye. In 'n artikel oor *Vraagstukke van die Geskiedenis van Godsdiens en Ateïsme* verwys Sharevskaya na die sendelinge se ondersteuning van die sosiale orde van die koloniseerders en die algemene rol van die Christelike godsdiens in koloniale verslawing. Vandag interesseer Sowjetnavorsers hulle veral vir die probleem van sektariese separatisme as die belangrikste belemmering in die skepping van een nasionale front. Ook hieraan het die Accrakonferensie aandag gegee. In die lig van die separatisme, bestudeer die Sowjets ook plaaslike gelowe en kultusse, die verspreiding van die Christendom en die Islam in Afrika en die aktiwiteite van die sendinginstansies. Die volgende take is gestel: (i) aan die kaak stel van die negatiewe aspekte van kerklike separatisme vir die vereniging van Afrika-volke; (ii) ontmaskering van die rol van Europese sendelinge in diens van die koloniseerders. Hoewel die Sowjets tot dusver nog nie die kwessie van anti-godsdienstige propaganda beslis het nie, verwys Sharevskaya in haar genoemde artikel tog daarna as 'n ondersteunende mag van die kolonialistiese orde en dat die bevrydingstryd die religieuse aspirasies vervang.

'n Verdere saak wat die Sowjets se aandag besonderlik in beslag neem is die *oorblyfsels van kolonialisme* op die politieke, ekonomiese en ideologiese terrein. Voorbeelde van politieke reste is die feit dat sommige vroeëre Britse kolonies dominiums geword en ander Afrika-state by die Franse Gemeenskap aangesluit het. In hierdie verband word verder beklemtoon dat politieke onafhanklikheid nie outomaties ekonomiese afhanklikheid vernietig nie.

Derhalwe propageer Sowjetgeleerdes die stelling van nuwe vorme van kolonialisme in Afrika — na bewering beoefen deur Wes-Europese state en veral die V.S.A. Trouens, selfs Japan is hiervan beskuldig. 'n Voorbeeld hiervan is 'n artikel deur Gufarov waarin hy die V.S.A. beskuldig van 'n strewe om sy gesag te vestig aan die multimiljoen Afro-Asiatiese bevolking, verhindering van die onderontwikkelde lande om tot ekonomiese onafhanklikheid te kom en lamlegging van hulle bande met die sosialistiese wêreld. Daarteenoor stel dieselfde artikel die bestaan van 'n wêreldstelsel van Sosialistiese lande wat altyd gereed is om omvangryke altruïstiese hulp te verleen aan die jong Afrika-state wat na ekonomiese onafhanklikheid streef. Nader aan die waarheid is waarskynlik die bewering van Otto Hoffman in sy artikel oor *Die Oos-Duitse Buitelandse handel,* nl. dat die doel van die Oos-Duitse ekonomiese beleid teenoor onderontwikkelde gebiede is om die balansverskuiwing van die wêreldmagte te weeg te bring en die mag van die imperialisme te bestry.

'n Laaste belangrike taak van die Sowjet se Afrika-Instituut is die *verskaffing van propaganda-materiaal* aan Sowjet-gesinde Afrika-leiers en om anti-koloniale en anti-Amerikaanse propaganda in kanale te lei wat vir die Sowjets aanvaarbaar is. 'n Goeie voorbeeld is die klag van premier Eyskens op 20 Julie 1960 oor 'n bewering van die Kongolese Minister van Inligting dat 15 milj. Kongolese gedurende die koloniale regime omgekom het. Die bewering kom nie oorspronklik van die betrokke minister nie, maar uit Sowjetbronne. In die *Groot Sowjet Ensiklopedie* word gesê dat gedurende die bewind van die Belgiese imperialiste die hoofbevolking van die Kongo met die helfte verminder is. Die tydskrif *Sovremenny Vostok* van die *Oriëntologiese Instituut* het die aanklag herhaal. Terwyl hierdie uitgawe op 4 Junie 1960 verskyn het, het die Kongolese minister sy toespraak eers in Julie gelewer. Ook op die Accra- en Conakrykonferensies is die Sowjetoutoriteite oor Afrika na die mond gepraat deur afgevaardigdes.

Bogoslovsky probeer die vier hooffasette van die V.S.A.-navorsers en -politici oor Afrika te weerlê, nl. (i) die interafhanklikheid van Afrika en die Weste; (ii) die V.S.A.-steun aan die bevrydingsbeweging; (iii) V.S.A.-hulp aan Afrikane ter oplossing van die rasseprobleem; (iv) die bedreiging van Kommunisme. Die eerste stelling word bestry met die bewering dat die onderlinge verhoudinge van Afrika en Europa nie op gelykheid berus nie, maar op onderskikking en uitbuiting. Ten tweede word beweer dat die V.S.A. alleen die „Liberiese ontwikkelingsweg" voorstaan, d.w.s. een van formele politieke onafhanklikheid maar ekonomies, finansieel en militêr volkome gebind. Derdens: die oplossing van die

rasseprobleem word weerspreek deur die aard van die V.S.A.-imperialisme, wat rassisme as die belangrikste wapen gebruik in sy ekspansionistiese beleid saam met ander Europese magte. In die vierde plek doen die Sowjets hulle uiterste om die bedreiging van Kommunisme te weerlê. Die gewone antwoord is dat anti-Kommunisme 'n ideologiese slagspreuk is waardeur die V.S.A. sy imperialistiese beleid in Afrika probeer bevorder. Dit is slegs 'n rookskerm.

IV. *Nasionaliteitsbeleid:*

Dit is opmerklik hoe veelvuldig die Sowjets woorde soos *nasionale* ontwikkeling, *nasionale* selfbeskikking, *etniese* groepering e.d.m. gebruik. In die *Bulletin van die Instituut vir die Studie van die USSR* (Jan. 1961) maak Kurganov 'n baie leersame ontleding van die Kommunistiese nasionaliteitsbeleid. Die Kommunistiese Party verwerp basies die nasionale verdelings van die samelewing en het as vaste doel die samesmelting, d.w.s. die eliminasie van volke volgens voorskrif van Lenin: „die doel van die sosialisme is nie alleen om die verdeling van die mensdom in klein state te vernietig en alle nasionale isolasie te verwyder nie, nie alleen om volke nader na mekaar te bring nie, maar om hulle te laat ineensmelt". Solank volke egter bestaan eksploiteer die party die feit in sy stryd om sy mag oor die wêreld te vestig. Die Kommuniste Party, sê Kurganov, het geen nasionaliteitskonsep nie, alleen maar 'n nasionaliteitsbeleid, d.w.s. dit erken slegs die suiwere taktiese vraagstuk hoe die nasionale neiging die beste, in sy eie belang, uitgebuit en die volke die een na die ander uitgewis kan word sodra die Party aan bewind gekom het.

Gevolglik het die Party van tyd tot tyd verskeie metodes toegepas. Voor die Eerste Wêreldoorlog was die Party sterk gekant teen nasionale tendense in Rusland en is getrag om die hele land se proletariaat tot 'n enkele klas saam te snoer ongeag nasionale affiliasies. Nasionalisme onder die werkers sou die vorming van 'n sterk gesentraliseerde party in die wiele ry. Volgens Stalin was die wese van die vraagstuk hoe om die nasionale grense af te breek, nasionale isolasie te vernietig en die Russiese proletariërs byeen te bring en te verenig. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het omstandighede verander. Die Party was nou opgebou en sy beleid was om Rusland die oorlog te laat verloor. Desintegrasie en vernietiging van nasionale eenheid moes bewerkstellig word. Volgens Lenin was elkeen wat teen die desintegrasie van Rusland optree, in stryd met die proletariese strewe. Die leuse was nou: *selfbeskikking tot op die punt van sesessie.* Maar dit moes alleen dien as middel vir die skepping van 'n nuwe, groot staat. Na die burgeroorlog verander die situasie weer eens en so ook die Party se standpunt.

Hy was nou aan bewind en desintegrasie was nie meer wenslik nie. Vereniging en sentralisasie word die doel. Die vorige leuse is oorbodig, selfs gevaarlik. Ter wille van buitelandse beleid en internasionale propaganda kon die slagspreuk egter nie gewysig word nie, gevolglik kry dit net 'n nuwe interpretasie. Stalin stel dit só (12e Partykongres): afgesien van die selfbeskikkingsreg van volke, is daar ook die reg van die werkers om hulle mag te konsolideer en hieraan is die selfbeskikkingsreg ondergeskik! Die Party se beleid word nou in hierdie vorm gegiet, nl. die daarstelling van 'n formele federasie wat deur sy bedrieglike uiterlike voorkoms ten dele die nasionale aspirasies van die onderskeie nasionaliteite van Rusland sou bevredig en terselfdertyd die volke van ander lande sou mislei, terwyl dit aan die ander kant die sentrale regerende party se mag konsolideer en die Russiese volke tot 'n eenheid sou smee.

Die Tweede Wêreldoorlog sou nogeens verandering bring. Die oorlog het aan die lig gebring dat die USSR-volke nieteenstaande hulle „heropvoeding" nie begerig was om vir die party te veg nie en dat patriotisme en nasionale sentiment nog in die harte bly voortleef het. Alleen 'n beroep hierop kon hulle onder wapen teen Duitsland bring — derhalwe word dit partybeleid. Die slagspreuke van 'n klassestryd en wêreldrewolusie maak plek vir patriotiese leuses: verdediging van die vaderland, Rusland. Nou het die Party die mond vol oor die roemryke verlede van die Russiese volke; nasionale helde uit die verlede se name herlewe. Patriotisme, sê Kurganov, het die Kommunisme gered en die Duitsers verslaan.

Nieteenstaande hierdie skynbare beleidswisselinge, bly die oorspronklike uitgangspunt gehandhaaf, soos o.a. ook blyk uit die Kommuniste Party se optrede teenoor verskeie nasionaliteits-herlewings in die USSR, soos o.a. beskryf deur Urban m.b.t. die nasionalistiese beweging in Turkestan (*East Turkic Review* van die I.S. v.d. USSR., Des. 1960). Die Afrika-leiers wat hiermee nie rekening hou nie mag op 'n dag vind dat hulle flirtasie met die Sowjets die einde van hulle nasionale bevrydingsbeweging beteken en dat kolonialisme en imperialisme weliswaar nie dood is nie maar van 'n onverwagte kant die land binnegedring het.

V. *Afro-Asiatiese solidariteitskomitee:*

In die Afro-Asiatiese Solidariteitskonferensies en die permanente komitee wat daaruit voortgespruit het, het die Kommuniste — veral Rusland — 'n bruikbare kanaal gevind om invloed in Afrika uit te oefen en om leiers van die nuwe state na sy pype te laat dans. Die oorsprong van die reeks Afro-Asiatiese konferensies was die Delhi-konferensie van 1955, wat oënskynlik belê is om die inter-

nasionale spanninge te verlig maar in werklikheid ten doel gehad het om die voorwaardes te skep wat nodig sou wees om Kommunistiese invloed uit te oefen op elke vorm van samewerking tussen Asiatiese state wat mag ontstaan uit die Bandungkonferensie wat kort hierop sou volg. Tot 1960 is verdere sodanige konferensies georganiseer deur gesamentlike solidariteitskomitees in verskeie Afrika- en Asië-lande. Die eerste hiervan was die Kairo-konferensie (26 Des. 1957—1 Jan. 1958), alwaar die eerste Afro-Asiatiese Solidariteitskomitee gestig is met 'n Permanente Sekretariaat in Kairo. Hierdie Sekretariaat word gesamentlik gefinansier deur die V.A.R., Kom. China en die Sowjet. Onder die verteenwoordigers van die Afro-Asiatiese state was daar ook die van die Chinese Volksrepubliek, Indonesië en die USSR. Die Conakry-konferensie (April 1960) het daarby nog 'n Uitvoerende Komitee van 27 persone benoem waarin o.a. verder ook lande soos Korea, die Mongoolse Volksrepubliek, S.W.A. en Noord-Vietnam verteenwoordig was. Op die Kairo-konferensie het die Sowjet-afvaardiging bestaan uit 27 lede onder leiding van Sharaf Rashidov, voorsitter van die Presidium van die Opperste Sowjet van die Uzbek S.S.R. Die Chinese is verteenwoordig deur 20 lede met Go Mo-jo, president van die Chinese Wetenskaplike Akademie as leier. Op inisiatief van die Solidariteitskomitee is die Afro-Asiatiese ekonomiese konferensie en 'n soortgelyke jeugkonferensie in Kairo gehou in Desember 1958 en Februarie 1959 onderskeidelik. Albei konferensies is bygewoon deur Sowjet-afvaardigings, in die tweede geval deur 9 lede, hoofsaaklik vooraanstaande lede van die Komsomol.

As gevolg van die Delhi-konferensie (1955) het die Sowjets hulle eie Afro-Asiatiese Komitee in die lewe geroep as 'n „openbare organisasie" (d.w.s. nie-amptelike liggaam). Die hooftaak van hierdie komitee is om Sowjetpropaganda te bevorder en om die implementering van Sowjetbeleid op konferensies wat deur die Kairo-komitee georganiseer word te bevorder. In die uitvoering van hierdie taak het die komitee weliswaar teenstand ervaar. Reeds op die Kairo-konferensie (1957) het die afvaardigings van die Sowjet, van China en ander Kommunistiese lande teenstand uit die kamp van die nie-Kommunistiese afvaardigings ondervind in hulle pogings om die inisiatief in eie hande te neem. Hierin het die leier van die Ethiopiese sending sterk opgetree. Daarby was daar kritiek (uitgespreek deur die Ghanees Amu Anuakh) teen Sowjetimperialisme in Hongarye en is die Kommuniste se ontwerpresolusie i.v.m. Amerikaanse rassediskriminasie en imperialisme verwerp. *Pravda* (1 Des. 1957) het reeds die Sowjetsending en alle aanstaande lede van die Kairo-konferensie se aandag gevestig op die verklaring van 12 regerende Kommunistiese partye in die „sosialistiese blok" (16

Nov. 1957) as een van die belangrikste dokumente van die eeu. Die hoop word verder uitgespreek dat die konferensie die „vredesmanifes" van die 64 Kommunistiese en pro-Kommunistiese partye, insluitende dié van Joego-Slawië, sou onderskryf. Terselfdertyd het die Kommuniste daarin geslaag om die agenda vir die konferensie aansienlik gewysig te kry; tog was die resolusies nie so spesifiek Kommunisties as anti-Westers en anti-kolonialisties nie.

Ook tydens die 1958-konferensie is teenstand ervaar veral toe Nesterov, leier van die Sowjet-groep, se mosie m.b.t. V.S.A.-aggressie in die Nabye Ooste, verwerp is. 'n Indonesiese afvaardiging het selfs voorgestel dat die USSR uitgesluit moet word uit die vergadering. 'n Ander voorstel, geensins aanvaarbaar vir Rusland nie, is verwys na 'n komitee, nl. om verteenwoordigers van Nasionalistiese China en van Suid-Korea uit te nooi. Planne vir die skepping van 'n verenigde pro-Sowjet ekonomiese blok van Afro-Asiatiese lande het spaak geloop en by die verkiesing van lede van 'n organisasie vir Afro-Asiatiese ekonomiese samewerking het geen Sowjetlede die belangrikste poste gehaal nie. Eintlik het alleen China uit die Kommunistiese kamp hoegenaamd enige verteenwoordiging daarin verkry — 'n gevoelige terugslag vir die Sowjet in sy wedywering met Kommunistiese China in Afrika.

Op die jeugkonferensie (Kairo, Februarie 1959) was daar selfs groter teenstand teen Kommunistiese propaganda-pogings. 'n Aantal lede het anti-Kommunistiese aanvalle gemaak en groepe jong mense het selfs anti-Kommunistiese demonstrasies georganiseer. Selfs voor die opening van die konferensie het die Indonesiese sending verklaar dat die aanwesigheid van die Sowjetafvaardiging, van wie Kroestsjef se skoonseun lid was, in stryd was met die „gees van Bandung". Suid-Vienam en Japan het 'n mosie voorgestel oor die bereidheid van die Afro-Asiatiese jeug om Kommunisme te beveg. Mev. Golan Ali kritiseer in haar voordrag die „onmenslike toestande" waaronder Chinese vroue verplig word om te werk. Ook die Egiptiese geïllustreerde blad *El-Mosevver* het die geleentheid aangegryp om die gevaar van Kommunisme vir die Arabiese wêreld te proklameer. Al hierdie dinge is deur *Pravda* in sy verslag (7 Februarie 1959) verswyg.

Die Conakrykonferensie het in 'n gunstiger klimaat vir die Kommuniste plaasgevind: Die Sowjet- en Chinese delegasies het die toon aangegee, en nieteenstaande stemme van protes in die besprekings is die besluite eenparig aanvaar.

Dit lyk dus duidelik dat hoewel die reeks Afro-Asiatiese Solidariteitskonferensies aan sterk Kommunistiese druk onderwerp was, laasgenoemdes nie deurgaans suksesvol was in hulle pogings tot bekering nie. Nieteenstaande die aktiewe optrede van die Sowjet-

en Chinese lede het die sekretariaat ook eintlik nooit werklik Kommunistiese doeleindes nagestreef nie. Maar in die derde plek, het hierdie konferensies en die sekretariaat ook die krake in die Russies-Chinese front aan die lig gebring. Wedywering tussen hierdie twee magte op die Afro-Asiatiese gebied is bv. geïllustreer deur die stemming oor die teks van die boodskap van die Permanente Sekretariaat aan die Tuniskonferensie van Afrika-state (1 Jan. 1960), waarin die neutraliteitstandpunt (voorgestaan deur Rusland) geseëvier het.

Die gevolg van dié hindernisse wat die Sowjet op hierdie weg ervaar het, was dat hy nou sonder om hom aan die Kairo-komitee te onttrek, ook nog sy eie Afro-Asiatiese Solidariteitskonferensie belê het te Stalinabad (10—12 Okt. 1960). Die indruk is allerweë gewek dat die konferensie nie 'n saak van die Sowjet-party of -regering was nie, maar van die algemene publiek. Derhalwe moes die Sowjetse Afro-Asiatiese Solidariteitskomitee dien as instrument om die wense van die partyleiers in die konferensie in te dra. Die hoofverslag het gegaan oor „Die volke van Asië en Afrika in die stryd teen Kolonialisme en Imperialisme". Tot lede van die nuwe komitee van 122 persone (en 'n presidium van 25) is selfs ook verteenwoordigers van die Islam gekies. Dat konferensies in lande wat sterk onder Sowjetinvloed staan (soos die geval in Conakry, Guinee) wel die Russiese leiers se doel begunstig het, was vir hulle nog nie genoeg nie. Op 'n eie konferensie kon die stempel sterker afgedruk word. (In sekere sin het die Sowjetoptrede in die V.V.O. die Sowjetbeleid te Conakry gereflekteer, t.w. mosies met die opset om die Afro-Asiatiese Solidariteitskomitee te verswak ten koste van die versterking van Sowjetinvloed; vermindering van die lidmaatskap van die Sekretariaat, afskaffing van die pos van sekretaris-generaal (in die persoon van die V.A.R.-lid) en verskuiwing van die hoofkwartier vanaf Kairo).

Die belangrikste aspek van die Stalinabadkonferensie is die volgende:

(a) Stalinabad, hoofstad van die Tadzhik S.S.R., is gekies as setel ter wille van die „Asiatiese" ligging daarvan.

(b) Met dieselfde doel is lede van alle S.S.R.e uit Sentraal-Asië genooi. Afrika is veral verteenwoordig deur studente in Moskou en wel uit Uganda, Guinee, Kameroen, Somalië, Soedan en uit Arabiese Afrika.

(c) Die konferensie is gehou toe Kroestsjef besig was met sy voorstelle aangaande wysiginge in die samestelling van die V.V.O., onmiddellike likwidasie van kolonialisme en die situasie in Algerië en die Kongo.

(d) Baie min aandag is aan China gegee; trouens daar was geen Chinese delegasie nie!

(e) Anti-Amerikaanse propaganda het 'n belangrike deel uitgemaak van die besprekings.

(f) Dit was duidelik dat een hoofdoel was om die maksimum aandag te verkry vir die Sowjet se nasionaliteitspolitiek geïllustreer aan die hand van die ervaring in verskeie Sowjet-republieke.

(g) Uit die Sowjet-gesigspunt lê die waarde van hierdie konferensie nie in die resolusies nie, maar in die feit dat dit die bewys gelewer het van die bestaan van ander wyses van Sowjet-infiltrasie in die Afro-Asiatiese wêreld, afgesien van die Kairo-liggaam. Die aanwesigheid van groot getalle studente uit hierdie lande in Moskou wat nou vir die eerste keer geëksploiteer is, sal ongetwyfeld die Sowjet-leiers in staat stel om onder leiding van hulle komitee, verdere propaganda-kanpanjes te loods.

VI. *Verskille in Russiese en Chinese beleid:*

In die vorige gedeelte is verwys na Russies-Chinese wedywering in Afrika. Eintlik sou dit geregverdig kon word om te praat van belangrike beleidsverskille in hulle Afro-Asiatiese optrede en selfs van botsings in die eerste fase. Kashin (Omsendbrief van die I.S. USSR, 14 Maart 1961) beweer: „Except, as in the Congo, where Soviet and Communist Chinese policies happen to coincide, there is much evidence of serious differences in attitude towards colonial and dependent countries".

In die belangrike *Deklarasie van die Moskouse Konferensie van afgevaardigdes van Kommunistiese Partye van die Wêreld* (Des. 1960) en waarin baie aandag gegee word aan die probleme m.b.t. die ontwikkeling van die sg. nasionale bevrydingsbewegings in Afrika en die Nabye Ooste, tree die beleidsverskille duidelik aan die lig. In hoofsaak kom dit daarop neer dat Rusland bereid is om as prakties-opportunistiese beleid, vir die huidige altans, saam te werk met die „nasionale bourgeoisie" terwyl China hulle nie vertrou nie. Ter wille van onmiddellike praktiese resultate is Kroestsjef bereid om enige regering in Afrika of die Nabye Ooste te steun wat 'n neutrale koers volg in sy buitelandse beleid. (Hoe veelseggend is die jongste konferensie van *neutrale* state nie!) Daarteenoor is die Chinese hoofsaaklik geïnteresseerd in werklik Kommunistiese en pro-Kommunistiese magte. Wat die V.A.R. betref, maak China dan ook openlik beswaar teen die Sowjet se samewerking met Nasser, terwyl lg. die Kommuniste in Egipte onderdruk.

Hierdie verskil in benadering is bv. duidelik geïllustreer by geleentheid van die viering van die tienjarige bestaan van die Chinese Volksrepubliek (1959). Kroestsjef was net terug van die

V.S.A., waar hy sy beleid van vreedsame koëksistensie verkondig het met die daaraan gekoppelde goeie buurskap met die neutrale Afro-Asiatiese blok. Die Chinese kies juis hierdie tydstip om die teenoorgestelde standpunt te stel en om dit skerp en aanhoudend te laat herhaal deur Kommuniste-afgevaardigdes wat hulle eie regerings in Afrika en die Nabye Ooste aanval as handlangers van Westerse imperialisme. Die Siriese afgevaardigde verklaar dat die volk van die V.A.R. te ly het onder die terroristiese diktatorskap van 'n regime wat nie skroom om fascistiese metodes toe te pas in die onderdrukking van nasionalistiese demokratiese magte nie. Hierdie verskil in benadering blyk ook uit die algemene neiging dat deputasies na Rusland gewoonlik bestaan uit amptelike regeringsverteenwoordigers en dié na China uit lede van ondergrondse Kommunistiese organisasies. China boog daarop dat hy hierdie mense 'n eie weg na die sosialisme aanbied, maar dat die Sowjet dit nie doen nie.

Enige poging van Rusland om 'n sterker houvas op Afrika en die Nabye Ooste te verkry, word deur die Chinese beskou as inmenging in hulle invloedsfeer. Hierdie protes word versterk deur die Chinese se afkeur van metodes wat die Russe aanwend. In Guinee gebeur eintlik een van die onverwagte dinge, nl. dat die wedywering plaasvind op die gebied van ekonomiese hulpverlening. In Sept. 1960 is 'n ooreenkoms in Peking gesluit vir ekonomiese en tegniese hulp aan Guinee ter waarde van 100 milj. roebel onder gunstiger voorwaardes as wat die Sowjet aan enige land in Afrika, die Nabye Ooste of in Oos-Europa toegestaan het. Die lening is rentevry, en die Chinese tegnici en spesialiste in Guinee word verplig om onder dieselfde toestande te leef en te werk as die inboorlinge.

Die Chinese leiers vertrou o.a. op sekere sielkundige faktore wat hulle bo die Russe begunstig. China is 'n suiwer Asiatiese land (sonder 'n onlangs bekende kolonialistiese rekord en met 'n „gekleurde" bevolking) terwyl die meeste Afrika- en Nabye Oostevolke Rusland as gedeeltelik aandadig beskou aan die kolonialisme van die verlede. Daarby verkeer die Russiese nywerheid op daardie stadium van ontwikkeling waar dit nie meer so 'n duidelike voorbeeld vir die onderontwikkelde lande is nie. China begin nou eers sy nywerhede opbou en onder primitiewe toestande wat veel meer ooreenkom met die situasie in Afrika en die Nabye Ooste.

Die beleidsverskille is ook aan ander faktore toe te skryf: China se geografiese ligging het sy invloed op die politieke strategie. Hy besit geen gunstige geografiese basis vir indringing in Afrika nie. Pogings om Albanië se vriendskap te wen, is betekenisvol in hierdie verband. Terselfdertyd is China geïsoleer van die „vrye" wêreld, waardeur sy aggressiwiteit skerper is as dié van Rusland.

Lg. word feitlik gedwing om voortdurend te maneuvreer met pogings enersyds om die verhoudinge met Brittanje, Frankryk en die V.S.A. te verbeter en terselfdertyd 'n wig tussen hulle in te dryf. Vir China bestaan die behoefte nie. Derhalwe kon lg. lankal die Algerynse Rebelleregering erken as *de facto-* en *de jure*-regering terwyl Rusland dit alleen erken as *de facto,* en dit nadat China hom daartoe gedwing het. In verband met die Kongo, egter, het Peking Moskou se beleid aanvaar, waarskynlik vanweë die uiterste aggressiwiteit daarvan, w.o. die Russiese aanvalle op Hammarskjöld.

VII. *Ten slotte:*

Uit die voorgaande word enkele hoofsake waarskynlik duidelik. Die eerste is dat Afrika in die arena van die wêreldpolitiek 'n baie belangrike gevegsfront tussen die Kommunistiese en die „vrye" wêreld geword het met, op hierdie stadium, die V.S.A. en die USSR. as die belangrikste eksponente. Dit blyk o.a. uit die keuse van Russiese infiltrasiepunte. Met vaste voet in die V.A.R. sou Rusland 'n gevaarlike hou kan slaan na die bron van die Westerse olievoorrade en selfs die seevaart van die Middellandse See lamlê. Guinee, die ander Kommunistiese invalspoort in Afrika, is 'n uiters geskikte afspringplek na Kuba en ander Suid-Amerikaanse state — die „soft under-belly" van die V.S.A., terwyl chaos in die Kongo, Kenia, Angola-Mosambiek-Njassaland suidelike Afrika in twee sny en totaal lam lê.

Met die eksploitasie van die nasionale bevrydingsbewegings en die aanblaas van die *Uhuru*-slagkreet, mag die Rooi magte nie so erg prinsipieel-konsekwent optree nie, maar 'n psigologies-doeltreffender strategie kon nouliks beplan word. 'n Mens huiwer voor die uiterste sinisme van die beleid. Ekonomiese hulp, diplomatiek-politieke betrekkinge, goeie gesindheid deur vleiery en ophemeling, beïnvloeding van die gees deur akkomodasie aan groot getalle studente — die leiers van die toekoms — sowel as deur regstreekse propaganda, moet hier dien as die middels. Listig, duiwels, sou die aard daarvan beskryf kan word: eers die haat aanblaas teen die Weste as aartskolonialiste en -imperialiste, want dit alleen kan dien as bindingsfaktor in die geweldige verskeidenheid, om daardeur ook die chaos te bring wat die noodsaaklike voorwaarde vir werklike Kommunistiese indringing en magsoorname is. Iets van wat Holzapfel die „misterie van die boosheid" van die Kommunisme noem, word hier sigbaar. Dit is duidelik dat Marxistiese ideologie nog geensins op groot skaal gepropageer word nie — dit word in reserwe gehou vir later. Rusland en China, sê Mennon Williams, praat vandag nog nie oor Kommunisme in Afrika nie; hulle soek eerstens vriendskaplike betrekkinge.

Daar is tekens van Russies-Chinese beleidsverskille wat miskien, baie optimisties besien, 'n ligpunt in Afrika mag wees. Maar dit is van belang om op te merk dat China, die krag van môre in die Kommunistiese wêreld, nog maar aan die begin van sy optrede in Afrika staan en tog die kontinent as sy belangesfeer opeis. „Presumably, Chinese penetration in Africa has not yet reached its zenith, although its aims and methods are clear to the Soviet government. Since they are generally incompatable with Krushchev's policy, we can conclude that in the future too there will be a Sino-Soviet rivalry in this part of the world." Aldus Kashin. Daarby kom China se sterker aandrang op die ideologiese en die bevordering van die revolusie en die feit dat China, in teenstelling met Rusland groter behoefte aan „Lebensraum" buite sy eie landsgrense het. Belangrik is ook die berigte van China se opleiding van swart saboteurs uit Afrika — as deel van hulle opleiding aan Chinese opvoedkundige inrigtings.

Veel van die andersins onverklaarbare en seker altyd onregverdigbare V.S.A.-beleid, — Engeland en Frankryk nie uitgesluit nie — word in elk geval begryplik in die lig van die Kommunistiese optrede in die Afro-Asiatiese gebied: die inpomp van dollars in 'n vergeefse(?) poging om die goedgesindheid en bondgenootskap van die betrokke volke te koop; die beswering van rassediskriminasie; die (te vroeë) verlening van politieke onafhanklikheid, ens. ens. Maar dit skyn asof die Kommuniste nog die inisiatief besit in hierdie stryd en asof die Westerse pogings, onder leiding van die V.S.A., ondoeltreffende voorbrande is teen die vuur wat oral uitslaan. Trouens, die Westerse magte is nie altyd vry te spreek van optredes wat juis die Sowjetbeleid bevoordeel nie, soos die V.V.O.-optrede in die Kongo o.a.

Onteenseglik is die Kommunistiese pressie op Afrika indrukwekkend. Daar is enkele verblydende ligpuntjies in die situasie, soos die weerstand teen Kommunisme wat op die Afro-Asiatiese konferensies gemanifesteer is sowel as deur die Christelike vakbondbeweging. Daar is ook tekens van teleurstelling met en antipatie teen die Russe by Afrika-studente in Rusland. Ook die invloed van die Islam moet nie buite rekening gelaat word nie, hoewel selfs hierdie mag blykbaar aan magtige druk en krisis onderwerp gaan word. 'n Derde aanwesige weerstandsfaktor, m.i., is die nasionale bevrydingsbeweging. Weinig van die onafhanklike Afrikastate sal gewillig wees om 'n nuwe heer en meester te aanvaar. Maar die belangrikste vraag is: in hoeverre is die Afrikaleiers deur die „misterie van verblinding" (Holzapfel) geslaan teenoor die Kommunistiese bedreiging in die vorm van Russiese of Chinese kolonialisme en imperialisme? Hoe doeltreffend word hulle aandag

van hierdie gevaar afgewend deur die oë en ore en aandag te vestig op die Westerse sondes? Hoe lank sal hulle in staat wees om die nuwe gevaar die hoof te bied?

Onder hierdie benouende omstandighede kom die vraag ook of Afrika dan bestem is om van sy animistiese heidense beskawing deur sy pas verkreë „Uhuru" oorgelewer te word aan 'n militante ateïme? So gesien word die geestelike nood van hierdie kontinent nog angswekkender en word die Christendom gekonfronteer met 'n manjifieke taak en uitdaging: om die ware vryheid aan Afrika te bring.

P.U. vir C.H.O. J. H. Coetzee.